



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2859

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 20c PRICE
OORSEE 30c OVERSEAS
POSVRY — POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 2859

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 170]

PRETORIA, 1 SEPTEMBER 1979

[No. 6647

PROKLAMASIE

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 202, 1979

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA VEILIGHEIDSWETGEWING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1 van die Kommissiewet, 1947 (Wet 8 van 1947), verklaar ek hierby dat die bepalings van daardie Wet, met uitsondering van die bepalings van artikel 4 daarvan, van toepassing is op die Kommissie van Onderzoek na Veiligheidswetgewing wat ek op die 29ste dag van Augustus 1979 aangestel het en vaardig ek hierby die regulasies in die Bylae vervat met betrekking tot genoemde Kommissie uit.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Nege-entwintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-sewentig.

M. VILJOEN, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH.

BYLAE

REGULASIES

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“beampte” iemand wat in die voltydse diens van die Staat is en wat aangestel of aangewys is om die Kommissie by die uitvoering van sy werksaamhede behulpzaam te wees;

“dokument” ook 'n boek, pamflet, aantekening, lys, omsendbrief, plan, plakkaat, aanplakbiljet, publikasie, tekening, foto of prent;

“Kommissie” die Kommissie van Onderzoek na Veiligheidswetgewing;

“lid” 'n lid van die Kommissie;

“ondersoek” die ondersoek wat deur die Kommissie ingestel word;

“perseel” ook grond of 'n gebou, bouwerk, gedeelte van 'n gebou of bouwerk, voertuig, vervoermiddel, vaartuig of lugvaartuig;

“Voorsitter” die Voorsitter van die Kommissie.

PROCLAMATION

by the State President of the Republic of South Africa

No. R. 202, 1979

COMMISSION OF INQUIRY INTO SECURITY LEGISLATION

Under the powers vested in me by section 1 of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), I hereby declare that the provisions of that Act, with the exception of the provisions of section 4 thereof, shall apply to the Commission of Inquiry into Security Legislation which I appointed on the 29th day of August 1979 and I hereby make the regulations contained in the Schedule with reference to the said Commission.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-ninth day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

M. VILJOEN, State President.

By Order of the State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH.

SCHEDULE

REGULATIONS

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

“Chairman” means the Chairman of the Commission;

“Commission” means the Commission of Inquiry into Security Legislation;

“document” includes any book, pamphlet, record, list, circular, plan, placard, poster, publication, drawing, photograph or picture;

“inquiry” means the inquiry being conducted by the Commission;

“member” means a member of the Commission;

“officer” means a person in the full-time service of the State who has been appointed or designated to assist the Commission in the performance of its functions;

“premises” includes any land, building, structure, part of a building or structure, vehicle, conveyance, vessel or aircraft.

2. Die verrigtinge van die Kommissie moet op die wyse wat die Voorsitter bepaal, genotuleer word.

3. (1) Iemand wat aangestel of aangewys is om die verrigtinge van die Kommissie in snelskrif aan te teken of op meganiese wyse op te neem of om sodanige verrigtinge wat aldus aangeteken of opgeneem is, te transkribeer, moet vooraf 'n eed of bevestiging in die volgende vorm aflê:

Ek, A.B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar—

(a) dat ek getrou en na my beste vermoë die verrigtinge van die Kommissie van Onderzoek na Veiligheidswetgewing in snelskrif sal aanteken/op meganiese wyse sal opneem soos deur die Voorsitter gelas;

(b) dat ek enige snelskrifaantekeninge/meganiese opname van die verrigtinge van genoemde Kommissie deur my of iemand anders gemaak, volledig en na my beste vermoë sal transkribeer.

(2) Geen snelskrifaantekeninge of meganiese opname van die verrigtinge van die Kommissie mag getranskribeer word nie behalwe op las van die Voorsitter.

4. 'n Beampde deur die Voorsitter daartoe aangewys, kan by die aanhoor van getuies by die ondersoek aanwesig wees en getuienis en argumente wat op die ondersoek betrekking het, aanvoer.

5. Die Voorsitter of 'n beampde deur die Voorsitter in die algemeen of spesiaal daartoe gemagtig, moet 'n getuie wat voor die Kommissie verskyn 'n eed opleë of van hom 'n bevestiging afneem.

6. 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, kan slegs deur 'n persoon in kruisverhoor geneem word indien die Voorsitter dié kruisverhoor deur daardie persoon toelaat omdat die Voorsitter dit in die belang van die werksaamhede van die Kommissie nodig ag.

7. (1) Getuienis word *in camera* aangehoor tensy die Voorsitter anders gelas.

(2) Indien 'n persoon wat getuienis voor die Kommissie afgelê het of aflê of wat opgeroep is om aldus getuienis af te lê, die Kommissie aldus versoek, mag niemand die naam of adres van sodanige persoon of enige inligting wat waarskynlik sy identiteit sal openbaar, op enige wyse hoegenaamd bekend maak nie.

8. 'n Getuie wat voor die Kommissie verskyn, kan na goeddunke van die Voorsitter en op die wyse wat hy bepaal, deur 'n advokaat of prokureur bygestaan word.

9. Die Voorsitter, 'n lid of 'n beampde kan vir doeleindes van die Kommissie se ondersoek te alle redelike tye enige perseel betree en besigtig en enige dokument wat op sodanige perseel is of bewaar word, opeis en in beslag neem.

10. Elke persoon wat diens doen by die uitvoering van die Kommissie se werksaamhede, met inbegrip van iemand wat aangestel of aangewys is om verrigtinge van die Kommissie wat in snelskrif aangeteken is of op meganiese wyse opgeneem is, te transkribeer, moet ten aansien van enige aangeleentheid of inligting waarvan hy by die vervulling van sy pligte in verband met bedoelde werksaamhede te wete kom, geheimhouding help bewaar, behalwe vir sover bekendmaking van sodanige aangeleentheid of inligting vir doeleindes van die Kommissie se verslag nodig is, en elke sodanige persoon, uitgesonderd die Voorsitter, 'n lid of 'n beampde, moet, voordat hy enige diens by die Kommissie verrig, 'n eed van getrouheid of geheimhouding voor die Voorsitter, 'n lid of 'n beampde, in die volgende vorm aflê en onderteken:

2. The proceedings of the Commission shall be recorded in the manner determined by the Chairman.

3. (1) Any person appointed or designated to take down or record the proceedings of the Commission in shorthand or by mechanical means or to transcribe such proceedings which have been so taken down or recorded shall at the outset take an oath or make an affirmation in the following form:

I, A.B., declare under oath/affirm and declare—

(a) that I shall faithfully and to the best of my ability take down/record the proceedings of the Commission of Inquiry into Security Legislation in shorthand/by mechanical means as directed by the Chairman;

(b) that I shall transcribe fully and to the best of my ability any shorthand notes/mechanical record of the proceedings of the said Commission made by me or by any other person.

(2) No shorthand notes or mechanical record of the proceedings of the Commission shall be transcribed except by order of the Chairman.

4. An officer designated thereto by the Chairman may be present at the hearing of evidence at the inquiry and adduce evidence and arguments relating to the inquiry.

5. The Chairman or an officer generally or specially authorised thereto by the Chairman shall administer an oath or affirmation to any witness appearing before the Commission.

6. Any witness appearing before the Commission may only be cross-examined by a person if the Chairman permits such cross-examination by such person because the Chairman deems it necessary in the interests of the functions of the Commission.

7. (1) Evidence shall be heard *in camera* unless otherwise directed by the Chairman.

(2) If any person who gave or is giving evidence before the Commission or has been summoned so to give evidence so requests the Commission, no person shall publish in any manner whatsoever the name or address of such person or any information likely to reveal his identity.

8. Any witness appearing before the Commission may, in the discretion of the Chairman and in such manner as may be determined by him, be assisted by an advocate or an attorney.

9. The Chairman, any member, or any officer may, for the purposes of the inquiry of the Commission, at all reasonable times enter and inspect any premises and demand and seize any document on or kept on such premises.

10. Every person employed in carrying out the functions of the Commission, including any person appointed or designated to transcribe proceedings of the Commission taken down in shorthand or recorded by mechanical means, shall assist in preserving secrecy in regard to any matter or information that may come to his knowledge in the performance of his duties in connection with the said functions, except in so far as the publication of such matter or information shall be necessary for the purposes of the report of the Commission, and every such person, except the Chairman, a member or any officer, shall before performing any duty with the Commission take and subscribe before the Chairman, any member or any officer an oath of fidelity or secrecy in the following form:

Ek, A. B., verklaar onder eed/bevestig en verklaar dat, behalwe vir sover dit by die uitvoering van my pligte in verband met die werksaamhede van die Kommissie van Onderzoek na Veiligheidswetgewing of in gevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof nodig is, ek geen aangeleentheid of inligting waarvan ek in verband met genoemde Kommissie se ondersoek te wete kom, aan enigiemand sal meedeel nie en niemand sal toelaat of veroorloof om toegang te verkry tot stukke van die Kommissie nie, met inbegrip van enige aantekening, opname of transkripsie van die verrigtinge van genoemde Kommissie in my besit of bewaring of in die besit of bewaring van genoemde Kommissie of 'n beampte.

11. Niemand mag enige verrigtinge van die Kommissie of enige inligting wat aan die Kommissie verstrekk is, of enige deel van sodanige verrigtinge of inligting op enige wyse hoegenaamd publiseer of aan iemand anders meedeel nie, of iemand anders toelaat of veroorloof nie om toegang te verkry tot stukke wat in die besit of bewaring is van die Kommissie of 'n beampte of 'n persoon in regulasie 3 (1) bedoel, behalwe by die uitvoering van sy pligte in verband met die werksaamhede van die Kommissie of op bevel van 'n bevoegde geregshof.

12. Niemand mag, behalwe vir sover dit by die uitvoering van die Kommissie se opdrag nodig is, die verslag van die Kommissie of 'n afskrif of 'n gedeelte daarvan publiseer of aan iemand anders verstrekk nie, tensy en voordat die Staatspresident die verslag vir publikasie beskikbaar gestel het of voordat dit in die Senaat en in die Volksraad ter tafel gelê is.

13. Niemand mag die Kommissie of 'n lid van die Kommissie beledig, neerhaal of verkleineer of die verrigtinge of die bevindings van die Kommissie benadeel, beïnvloed of vooruitloop nie.

14. Iemand wat—

- (a) die bepalinge van regulasie 7 (b), 11 of 12 oortree;
 - (b) die Voorsitter, 'n lid of 'n beampte by die uitoefening van 'n bevoegdheid in regulasie 9 bedoel opsetlik hinder, teengaan of dwarsboom; of
 - (c) die bepalinge van regulasie 13 oortree,
- begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar—
- (i) in die geval van 'n misdryf in paragraaf (a) of (b) bedoel, met 'n boete van hoogstens R200 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; en
 - (ii) in die geval van 'n misdryf in paragraaf (c) bedoel met 'n boete van hoogstens R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 1983

1 September 1979

AANSTELLING VAN 'N KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA VEILIGHEIDSWETGEWING

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om 'n Kommissie van Onderzoek na Veiligheidswetgewing aan te stel met die volgende opdrag:

Om ondersoek in te stel na en verslag en aanbevelings te doen oor die noodsaaklikheid, toereikendheid, billikheid en doeltreffendheid van wetgewing rakende die binnelandse veiligheid van die Republiek van Suid-Afrika.

I, A.B., declare under oath/affirm and declare that, except in so far as it shall be necessary in the performance of my duties in connection with the functions of the Commission of Inquiry into Security Legislation or in terms of an order of a competent court, I shall not communicate to any person any matter or information which may come to my knowledge, in connection with the inquiry of the said Commission, or suffer or permit any person to have access to any records of the Commission, including any note, record or transcription of the proceedings of the said Commission in my possession or custody or in the possession or custody of the said Commission or of any officer.

11. No person shall publish in any manner whatsoever or communicate to any other person any proceedings of the Commission or any information furnished to the Commission or any part of any such proceedings or information, or suffer or permit any other person to have access to any records in the possession or custody of the Commission or any officer or any person referred to in regulation 3 (1), except in the performance of his duties in connection with the functions of the Commission or by order of a competent court.

12. No person shall, except in so far as shall be necessary in the execution of the terms of reference of the Commission, publish or furnish to any other person the report of the Commission or a copy or part thereof unless and until the State President has released the report for publication or until the report has been laid on the Tables of the Senate and the House of Assembly.

13. No person shall insult, disparage or belittle the Commission or a member of the Commission or prejudice, influence or anticipate the proceedings or findings of the Commission.

14. Any person who—

- (a) contravenes the provisions of regulation 7 (b), 11 or 12;
 - (b) wilfully hinders, resists or obstructs the Chairman, any member or any officer in the exercise of any power referred to in regulation 9; or
 - (c) contravenes the provisions of regulation 13,
- shall be guilty of an offence and on conviction liable—
- (i) in the case of an offence referred to in paragraph (a) or (b) to a fine not exceeding R200 or imprisonment for a period not exceeding six months; and
 - (ii) in the case of an offence referred to in paragraph (c) to a fine not exceeding R1 000 or imprisonment for a period not exceeding one year.

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 1983

1 September 1979

APPOINTMENT OF A COMMISSION OF INQUIRY INTO SECURITY LEGISLATION

It is hereby notified for general information that the State President has been pleased to appoint a Commission of Inquiry into Security Legislation with the following terms of reference:

To inquire into, and to report and make recommendations on the necessity, adequacy, fairness and efficacy of legislation pertaining to the internal security of the Republic of South Africa.

Die Kommissie bestaan uit—

Sy Edele Regter Pieter Jacobus Rabie, van die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika,

as Voorsitter;

en

Prof. Lucas Daniel Barnard, Hoogleraar in Staatsleer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat;

Adv. Johan Phillipus Jacobus Coetzer, S.C., Sekretaris van Justisie;

Adv. Sydney William McCreath, S.C., Advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika;

Prof. Pieter Oosthuizen, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van Pretoria;

en

Mnr. Schalk Willem van der Merwe, Prokureur van die Hooggeregshof van Suid-Afrika,

as lede.

Belanghebbende persone wat vertoë wil rig tot of getuienis wil aflê voor die Kommissie, moet so gou doenlik, maar nie later nie as drie maande vanaf die datum hiervan, memoranda indien by die Sekretaris, Kommissie van Onderzoek na Veiligheidswetgewing, p/a Departement van Justisie, Privaatsak X81, Pretoria, 0001, en aandui of hulle ook mondelinge vertoë tot die Kommissie wil rig of mondelinge getuienis voor hom wil aflê.

The Commission shall consist of—

The Honourable Mr Justice Pieter Jacobus Rabie of the Appellate Division of the Supreme Court of South Africa,

as Chairman;

and

Prof. Lucas Daniel Barnard, Professor of Political Science at the University of the Orange Free State;

Mr Johan Phillipus Jacobus Coetzer, S.C., Secretary for Justice;

Mr Sydney William McCreath, S.C., Advocate of the Supreme Court of South Africa;

Prof. Pieter Oosthuizen, Dean of the Faculty of Law of the University of Pretoria; and

Mr Schalk Willem van der Merwe, Attorney of the Supreme Court of South Africa,

as members.

Interested persons wishing to make representations to or give evidence before the Commission should, as soon as possible but not later than three months from the date hereof, submit memoranda to the Secretary, Commission of Inquiry into Security Legislation, c/o Department of Justice, Private Bag X81, Pretoria, 0001, and indicate whether they also wish to make oral representations to or give evidence before the Commission.

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staats- koerant No.
PROKLAMASIE			
R. 202	Kommissiewet (8/1947): Kommissie van Onderzoek na Veiligheidswetgewing ...	1	6647
Justisie, Departement van Goewermentskennisgewing			
R. 1983	Aanstelling van 'n Kommissie van Onderzoek na Veiligheidswetgewing ...	3	6647

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
PROCLAMATION			
R. 202	Commissions Act (8/1947): Commission of Inquiry into Security Legislation ...	1	6647
Justice, Department of Government Notice			
R. 1983	Appointment of an Commission of Inquiry into Security Legislation ...	3	6647